

## SONDAGSKOOL LES: Jou Keuse

### Doel van les:

- Ons gebruik nou 'n hedendaagse senario wat dalk bekend kan wees vir kinders om reeks mee af te sluit.

Ons het die kwartaal gesels oor die woord reputasie en wat dit beteken. Julle gaan nou nie sommer in 'n leeuuil of brandende oond beland nie, maar moet beseft dat ons gereeld moet kies tussen stap saam met die wêreld of opstaan vir ons geloof. Hier is 'n storie waarop ek afgekom het en ek wil hê julle moet dit vandag in jul groepe deurlees en gesels oor wat hierdie jong meisie gedoen het. Vra jouself die vraag: Wat sou ek gemaak het?

**Storie:** Thembi is na 'n Halloween partytjie genooi by haar skool. Al die kinders was van plan om te gaan en die skool het gegons oor watter scary kostuums hulle sou aantrek. Daar was idees vir duivel horings en swart grimering rondom die oë. Elton het opgewonde vertel hoe hy as Dracula sou gaan om al die kinders bang te maak. Kaylee het gesê dat sy met 'n sekel sou rondom loop aangetrek soos die engel van die dood.

Thembi se ma was 'n Christen en het geglo dat Halloween 'n heidense duivel aanbidding seremonie is en sy was glad nie gelukkig met die skool se planne en dat Thembi daaraan moes deelneem nie. Thembi se twee vriende Siphon en Jessica het haar aangemoedig om 'n kostuum aan te trek en die partytjie by te woon om haar te geniet en te ontspan.

Thembi het haar ma gerespekteer en self ook in Jesus geglo en sy was nie seker of Jesus baie gelukkig sou wees as sy na die partytjie gaan nie. Sy het dit oorweeg om by die huis te bly alhoewel die onderwysers verwag het van die kinders om dit almal by te woon. Die partytjie was 'n jaarlikse fondsinsameling vir die skool en hulle het elke sent nodig gehad.

Thembi het besluit om wel na die partytjie te gaan, maar sy het nie in 'n kostuum gegaan nie. Sy het geweet dat om normaal aan te trek vir die partytjie, abnormaal sou wees, maar steeds het sy 'n jean aangetrek met 'n t-hemp wat sê: I love Jesus. Toe sy by die partytjie aangekom het, het baie van die kinders vir haar gelag. Ander het sleg gevoel oor hulle nie ook opgestaan het vir Jesus nie. Thembi kon badkamer toe gehardloop het en gehuil het, of haar ma gebel het om haar te kom haal, maar sy het haar kop hoog gehou en deurgedruk. Terwyl ander kinders lekkers in die trick or treat sakkies gesit het, het Thembi klein kaartjies met Bybel versies ingegooi.

Later die aand toe die pryse uitgedeel word vir die beste kostuums, het Thembi derde prys ontvang, al het sy glad nie in 'n kostuum gekom nie. Sy was nie nasteby die kreatiefste aangetrek nie, maar die beoordeelaar het besluit om haar die prys te gee oor sy opgestaan het teen groepsdruk.

Uit respek vir Thembi, het Elton sy Dracula tande en jas uitgetrek en God gevra om hom te vergewe oor hy nie soos Thembi opgestaan het vir Jesus nie. Toe hy later die aand by die huis gekom het, het hy God gevra om hom te help om nie weer vir die Satan se strikke te val nie. Hy het sy Bybel gevat en Thembi se kaartjie daarin gesit. Die teksvers was Jeremia 29:11: Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!

Kaylee het ook begin glo dat Halloween verbind was aan Satanisme. Toe sy op die internet gaan kyk het wat Sataniste als doen, was sy geskok en teleurgesteld in haarself oor sy 'n kostuum aangetrek het vir Halloween en dat sy gedink het dis als 'n skadelose grap. Sy het belowe dat sy dit nooit weer sal doen nie. Van daardie aand af, was Thembi haar rolmodel en hulle het goeie vriende geword.

Satanisme draai baie mense 'n rat voor die oë om hulle te laat dink dat die Satan sterker as Jesus en dat jy als kan kry wat jou hart begeer as jy die Satan dien. Terwyl die Satan die vader van alle leuens is, het Jesus gesterf vir ons sondes en is Hy lief vir ons en sal Hy nooit vir ons jok of ons probeer "trick" nie. Jesus wag geduldig vir ons om Hom te volg. Om Jesus te volg, is nie altyd maklik nie, maar dit beslis makliker as om uit die bande te kom van Satan as jy eers daarin vasgebind is.

Net jy kan kies waar jy die ewigheid wil spandeer. Kies Jesus - kies die ewige lewe.

#### **Vrae:**

- Dink julle Thembi het verdien om die prys te wen oor sy opgestaan het vir Jesus?
- Staan julle op vir waarin julle glo of is julle te skaam?
- Is jy lief vir Jesus en sal jy dit openlik bely voor jou vriende, selfs voor daardie vriende wat nie in Jesus glo nie?
- Val jy voor groepsdruk en volg net die groep, of staan jy op en sê jy nee wanneer nodig?

#### **Lees Matteus 10:32-33**

Hoewel dit nie maklik is om op te staan wanneer almal een rigting gaan nie en jy direk teen dit is nie, is dit die moeite werd. Jesus vra ons om Hom eerste te stel bo als en die regte ding te doen. Hy belowe dat Hy ons nie sal verlaat of in die steek laat nie en daarom kan ons weet dat Hy ons die krag sal gee om deur enige situasie te kom.

Sluit af met gebed.

Hierdie storie is geneem uit:

Your life,

Your choice!

Rights, responsibilities, relationships and respect

Val Hamann

BI36-38